# Die vierde Man

In Daniël Hoofstuk 3 lees ons dat Nebukadnésar drie mans in 'n vuuroond wat sewe keer meer verhit is, gegooi het. Maar tot sy verbasing het hulle nie gesterf nie. In plaas daarvan het 'n vierde Man verskyn en saam met hulle in die vuuroond rondgeloop. Wie was hierdie vierde Man wat sulke mag oor die vlamme uitgeoefen het, dat toe die drie mans op Nebukadnésar se bevel uiteindelik uit die vuuroond gelaat is, daar nie eers 'n beduidenis van 'n rookreuk op hulle klere was nie, en dat net die toue waarmee hulle vasgebind was, afbrand was?

## Wie is hierdie vierde Man?

- ***In Genesis*** is Hy die Skepper van hemel en aarde en die Saad van die vrou.
- ***In Exodus*** is Hy die Paaslam wat sy volk uit slawerny aan Egipte verlos het; die Manna in die woestyn; die Rots van toevlug wat sy volk van lewende water voorsien het; die Wolkkolom bedags en die Vuurkolom in die nag.
- ***In Leviticus*** is Hy die Wetgewer; die Sondoffer; en die Bloed van versoening.
- ***In Númeri*** is Hy die Pasga; die Koperslang; die Ster van Jakob en die Septer uit Israel.
- ***In Deuteronómium*** is Hy die Profeet wat soos Moses, verlossing aan sy volk sou bring.
- ***In Josua*** is Hy die Owerste van die hemelse leërskare, die Krygsman van Israel.

- ***In Rigters*** is Hy ons regverdige Regter; die krag van Simson wat sterker is as ‘n leeu; die Vlies van Gideon wat die manskappe van Israel gelei het.
- ***In Rut*** is Hy ons Bloedverwant, die Wortel van Isai.
- ***In 1&2Samuel*** is Hy ons getroue Profeet; en die Klippie in Dawid se slinger wat die reus verslaan het.
- ***In 1&2Konings and 1&2Kronieke*** is Hy Salomo se Wysheid; die Vuur wat Elía se brandoffer verteer het; en sy vurige Strydwa; die weduwee se Olie wat nooit opgeraak het nie; Naäman se genesende Balsem wat hom van melaatsheid gesond gemaak het. Hy is Elísa se Voorsiener van voedsel; en Hy is die Koning van konings.
- ***In Esra*** is Hy die getroue Skrifgeleerde; en die vervulling van God se belofte van herstel.
- ***In Nehemía*** is Hy die Opbouer van die puinhope van menselewens.
- ***In Ester*** is Hy ons Mórdegai wat in sy volk se sake ingryp.
- ***In Job*** is Hy ons Dageraad vanuit die hoogte en ons ewige Verlosser.
- ***In Psalms*** is Hy die Here van die hele aarde, ons Herder; Hy besit die vee op berge by duisende, en die rykdom in elke myn; Hy is die Steen wat die werkers verwerp het, maar wat ons Hoeksteen sou word; die Een Wie se hande deurboor sou word, Wie se klere verdeel sou word, en Wie sou uitroep, “My God, my God, waarom het U My verlaat?”

## Wie is hierdie vierde Man?

- ***In Spreuke en Prediker*** is Hy ons Wysheid.
- ***In Hooglied van Salomo*** is Hy ons geliefde Bruidegom.
- ***In Jesaja*** is Hy die gloeiende Kool van die altaar; ons Immánuel (God met ons); ons lydende Kneg; die Lig vir die nasies; die regter Arm van Jehova; die ewig-getroue Bruidegom; ons bloeiende Narsing in die wildernis; die Heerlikheid van Líbanon; die Bemoediger van die swakkes; die Gewer van vreugde en blydskap; die Vlerke van die arend vir dié wat op Hom wag; Hy is die Vredevors wat riviere in die wildernis voortbring.
- ***In Jeremia*** is Hy die Balsem in Gílead, die regverdige Spruit; en die Belofte van 'n Nuwe Verbond.
- ***In Klaagliedere*** is Hy ons Hoop; en die huilende Profeet wat vir sy volk omgee.
- ***In Eségiël*** is Hy die Lewende Wese met vier gesigte wat in die rigting van die Gees van God beweeg het; die Herder wat oor sy volk Israel die wag hou; en die Vors wat sou kom.
- ***In Daniël*** is Hy die vierde Man wat saam met sy kinders in die vuuroond is; en die Engel saam met Daniël in die leeukuil wat die bekke van die leeus gesluit het; Hy is ook die Seun van die mens wat voor die Oue van dae gebring is, aan Wie 'n koninkryk, heerskappy en mag gegee is om tot in alle ewigheid te heers.
- ***In Hoséa*** is Hy die ewig-getroue Man wat vergifnis aan sy ontroue vrou beloof.

- ***In Joël*** is Hy die Een wat met die Heilige Gees doop.
- ***In Amos*** is Hy die Lasdraer; die Een wat die vervalle hut van Dawid oprig.
- ***In Obadja*** is Hy die Held wat verlossing skenk.
- ***In Jona*** is Hy die Een wat stede en nasies liefhet.
- ***In Miga*** is Hy die Kind van Betlehem; die Herder en Heerser van Israel; die Boodskapper met die lieflike voete; die Een wat onregverdigheid vergewe; die Verkondiger van die goeie nuus van waarheid en onveranderende liefde.
- ***In Nahum*** is Hy die Een wat die juk van ons af verbreek.
- ***In Hábakuk*** is Hy die Een Wie se glans soos sonlig is en Wie se majesteit die hemel bedek.
- ***In Sefánja*** is Hy die Regverdige Een wat geen onreg doen nie; die Koning van Israel, 'n Held in ons midde wat verlossing skenk.
- ***In Haggai*** is Hy die Opbouer van die mure van sy heerlike huis.
- ***In Sagaría*** is Hy die Here, ons Koning, wat nederig op 'n donkie se vul ry; die Herder van Israel vir Wie 30 stukke silwer betaal is; die Een Wie 'n fontein vir die huis van Dawid geopen het vir die vergifnis van sonde; Wie gesê het, "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees"; die Een wat Koning oor die hele aarde sal wees.
- ***In Maléagi*** is Hy die Son van geregtigheid onder Wie se vleuels daar genesing sal wees.

## Wie is hierdie vierde Man?

- ***In Matthéüs*** is Hy die Messias.
- ***In Markus*** is Hy die Wonderwerker en die Dienaarkoning.
- ***In Lukas*** is Hy die Seun van die mens.
- ***In Johannes*** is Hy die Woord wat vlees geword het, die Seun van God.
- ***In Handelinge*** is Hy die Een wat sy Heilige Gees stuur.
- ***In Romeine*** is Hy die Regverdiger.
- ***In 1&2Korinthiërs*** is Hy die Een wat die geestelike gawes van die Gees vir ons gee.
- ***In Galásiërs*** is Hy die Een Wie ons losgekoop het van die vloek van die sonde en dood.
- ***In Efésiërs*** is Hy die Christus van die onnaspeurlike rykdom.
- ***In Filippense*** is Hy die Vrede wat alle verstand te bowe gaan; die Een Wie ons die krag gee om deur Hom tot alles in staat te wees, en die Een wat in al ons behoeftes voorsien.
- ***In Kolossense*** is Hy die Hoof van die liggaam.
- ***In 1&2Thessalonicense*** is Hy ons Koning wat gou weer kom.
- ***In 1&2Timótheüs*** is Hy die Bemiddelaar tussen God en die mens.
- ***In Titus*** is Hy ons getroue Herder.

- ***In Filemon*** is Hy die Vriend wat sterker aanhang as ‘n broer.
- ***In Hebreërs*** is Hy ons Hoëpriester volgens die orde van Melgisédek; Wie alle dinge dra volgens die woord van sy krag, Wie met sy eie bloed die Nuwe Verbond teweeggebring het.
- ***In Jakobus*** is Hy ons Wysheid en ons Groot Geneesheer.
- ***In 1&2Petrus*** is Hy die Opperherder wat binnekort met ‘n onverwelklike kroon van heerlikheid sal verskyn.
- ***In 1,2&3Johannes*** is Hy LIEFDE.
- ***In Judas*** is Hy die Here wat met sy heilige tienduisendtalle kom.
- ***En in Openbaring*** is Hy Heer van die here en Koning van die konings.

## Wie is hierdie vierde Man?

- ***Vir Noag*** was Hy die Ark.
- ***Vir Abraham*** was Hy die Vreemdeling wat hom besoek het en aan hom ‘n seun belowe het.
- ***Vir Jakob*** was Hy die Leer wat die hemel met die aarde verbind het – die Poort van die hemel.
- ***Vir Josef*** was Hy die Gewer van drome en die Een wat drome op die regte tyd tot vervulling bring.
- ***Vir Moses*** was Hy die brandende Bos en die Staf wat die see oopgekloof het.
- ***Vir Josua*** was Hy die Leërowerste van die Here.

- ***Vir Simson*** was Hy die Krag wat sterker is as 'n leeu.
- ***Vir Dawid*** was Hy 'n klein ronde Klippie in sy slinger wat die reus verslaan het; Hy was ook die Lied in Dawid se hart.
- ***Vir Elía*** was Hy die Vuur van God wat die brandoffer verteer het; die vurige Strydwa wat Elía na die hemel opgeneem het.
- ***Vir die weduwee*** was Hy die Olie en die Meel wat nooit opgeraak het nie.
- ***Vir Naäman*** was Hy die Genesing vir melaatsheid.
- ***Vir Hiskía*** was Hy die Engel wat in die laer van die Assiriërs 185 duisend in een nag verslaan het.
- ***Vir Jesaja*** was Hy die gloeiende Kool van die altaar en die Stem wat roep, "Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan?"
- ***Vir Petrus*** was Hy die Hand wat hom opgelig het om op die water te loop.
- ***Vir Paulus*** was Hy die skerp Lig en die Stem wat gesê het, "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"
- ***Vir die weduwee van Nain*** was Hy die Lewe vir haar seun wat gesterf het.

## Wie is hierdie vierde Man?

- Hy is ***Lig vir die oë van die blindes***.
- Hy is ***Krag vir die bene van die kreupeles***.
- Hy is 'n ***Man vir die weduwee***, en 'n ***Vader vir die weeskind***.

- Hy is die ***Lewende Water***.
- Hy is die ***ewige Rots van skuiling***.
- Hy is die ***Weg en die Waarheid en die Lewe***.
- Hy is ons ***Verlosser en Vriend***.
- Hy is ons ***sterk Krygsman in die stryd***.
- Hy is die ***nederige Dienskneg wat nie 'n gekneusde riet sal breek nie***.
- Hy is die ***Pottebakker wat ons lewens vorm.***
- Hy is ons ***liefdevolle Bruidegom***.
- Hy is die ***Deur vir die skape*** wat sy lewe neerlê sodat ons lewe in oorvloed mag hê.
- Hy is die ***Lig van die wêreld*** en die Lig van ons lewe.
- Hy is die ***Alfa en die Omega***, die Begin en die Einde.
- Hy is die ***Opstanding en die Lewe***.
- Hy is ***Jesus Christus Ons Messias***, Koning van die konings en Heer van die here.
- Hy is die ***Een wat altyd leef om vir ons in te tree.***
- Hy is die ***Een wat saam met ons deur daardie dal van doodskaduwee stap*** net soos Hy vir daardie drie jongmanne in Daniël Hoofstuk 3 gedoen het.

## Hy is die vierde Man!